

MASKERS

Wat jy moet weet

- COVID-19 versprei hoofsaaklik wanneer ons klein druppeltjies inasem wat vrygestel word wanneer iemand wat COVID-19 het asemhaal, hoes, nies, sing, praat of skree.
- Lapmaskers verminder die hoeveelheid virus in die lug tussen twee mense.
- Kinders wat jonger as 2 jaar is, moenie maskers dra nie.

Moenie N95-maskers (respirators) gebruik nie. Ons moet dit hou om gesondheidswerkers te beskerm wat mense versorg wat COVID-19 het.

MAAK VEILIGER KEUSES


1. Siek? Bly tuis & reël 'n toets
2. Behou fisieke afstand
3. Dra 'n masker
4. Bedek jou hoes
5. Maak deure & vensters oop
6. Vermyn skares, nabye kontak & beknoppe ruimtes
7. Was/ontsmet hande gereeld



“Ek dra my masker om jou te beskerm. Dra asseblief joune om my te beskerm.”

'n Goeie lapmasker:

- Het ten minste 3 lae materiaal (vermy T-hemp-materiaal).
- Kan in warm water gewas word.
- Is vierkantig, met 3 plooië, sodat dit mooi pas.
- Bedek van bo die neus tot onder die ken en tot by die ore.



Wes-Kaapse inbelsentrum: 0860 142 142



Wes-Kaapse
Regering

BLY VEILIG

**GAAN
VOORT**

Gebruik 'n lapmasker op 'n veilige manier

MOET

- Was jou hande voordat jy die masker gebruik.
- Sorg dat die masker jou mond en neus toemaak.
- As die masker nat raak, sit 'n ander een op.
- Raak net aan die bandjies om dit af te haal.
- Was jou hande onmiddellik nadat jy dit afgehaal het.
- Was maskers met seep en water wat baie warm is (60°C). As die water nie baie warm is nie, kook die masker vir 1 minuut om dit te ontsmet.
- Jy het ten minste 2 maskers nodig sodat jy 'n skoon een byderhand het.
- Dra elke dag 'n skoon masker.



MOENIE

Moenie jou masker afhaal om te praat nie.



Moenie iemand anders se masker gebruik nie. As jy nie 'n masker het nie, gebruik 'n serp of bandana.



Moenie dat die masker afgly of dit aftrek sodat jou neus of mond oop is nie.



As jy COVID-19 het of iemand versorg wat COVID-19 het, praat met jou gesondheidswerker of die Wes-Kaapse inbelsentrum oor watter maskers en beskerming jy moet gebruik.



Moenie gebruikte maskers laat rondlê nie.

Wes-Kaapse inbelsentrum: 0860 142 142



Wes-Kaapse
Regering

BLY VEILIG

**GAAN
VOORT**